# Fakulteit Geesteswetenskappe

## **Noordelike provinsies** (Gauteng, Mpumalanga en Limpopo)

### Dr. Lindie Koorts



## BIOSKETS:

**Dr. Lindie Koorts** is ’n historikus en biograaf verbonde aan die Universiteit van die Vrystaat se Internasionale Studies Groep. Sy het aan die Universiteite van Johannesburg, Stellenbosch en Groningen studeer en was voorheen verbonde aan die Universiteit van Pretoria. Sy dien reeds sedert 2015 as lid van die SA Akademie se Geskiedeniskommissie en het vir die termyn 2020-2023 op die Akademieraad gedien.

Benewens haar betrokkenheid by die SA Akademie dien sy ook op die bestuur van die Historiese Genootskap van Suid-Afrika, en is sy lid van die Suider-Afrikaanse Historiese Vereniging. Sy dien ook op ‘n aantal advieskomitees en redaksionele rade wat verband hou met haar vakgebied.

Sy het reeds op die ouderdom van 35 ’n C1 gradering van die Nasionale Navorsingstigting ontvang en is kort daarna genooi om ’n lid te wees van die uitgesoekte South African Young Academy of Science (SAYAS). Haar navorsing het internasionale befondsing verwerf, onder meer deur die British Academy se Newton Advanced Fellowship en die Europese Unie se Erasmus Mundus-program.

Haar 2014 biografie van D.F. Malan, getiteld *D.F. Malan en die opkoms van Afrikaner-nasionalisme* en *D.F. Malan and the Rise of Afrikaner-nationalism* is wyd aangeprys, en was op die kortlyste van sowel die *Sunday Times* Alan Paton Award for Non-Fiction en die KykNET-Rapport Prys vir Nie-Fiksie. As deel van haar verbintenis tot Afrikaans en meertaligheid, het sy self die boek vertaal – en daarvoor ook die Suid-Afrikaanse Vertalersinstituut (SAVI) se Prys vir

Voortreflike Vertaling van Niefiksie ontvang. Die boek se internasionale reikwydte is verder verbreed deur ’n Nederlandse vertaling wat in 2020 verskyn het.

Benewens haar deelname aan plaaslike en internasionale kongresse en navorsingsartikels in geakkrediteerde vaktydskrifte, het sy ook ’n aantal bydraes gelewer tot internasionale boekpublikasies, vernaam oor die aard van Afrikaner- en Suid-Afrikaanse biografie, en die verwantskap tussen biografie en openbare debatte.

Wetenskapskommunikasie is vir haar ’n prioriteit, en sy het haar gevestig as resensent en ontleder, wat aktief deelneem aan die openbare diskoers deur middel van ’n gereelde rubriek vir *Beeld*, as kommentator op nuus-, aktualiteits- en dokumentêre programme, en deur radio-gespreksreekse, waardeur sy geskiedenis toeganklik maak vir ’n breër gehoor.

---000---